Van nooit genoeg tot genoeg
19 November 2023
Ds. PC Pretorius

pc.pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Begin deur vir elkeen te vra:
Wat is jou definisie van die Here se seën? Gesels in die kring oor elkeen se antwoord op hierdie vraag.
Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen (Ps. 128:1).
Hoe het die Ou Testament die Here se seën definieer?
En hoe definieer Jesus dit in die Nuwe Testament? Kom ons lees die skrifte saam en beantwoord hierdie vrae.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- Psalm 128
- Matteus 5:1-11

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun of Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?
3. Wat is volgens jou die verskil tussen Inwaartse seën van die Here en Uitwaartse seën van die Here deur jou as mens?

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?
Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____
_____